


NG Kerk George-Bergsig

God verander lewens. Hy stuur ons om sy liefde te leef deur ons verhouding met God, mekaar, onself en die wêreld.



Geagte gemeentelid

Sondag die 29ste November is die begin van Advent. Dit is die deel van die jaar waarin ons begin uitsien na Kersfees en weer 'n diep bewustheid kry van wat Jesus vir ons kom doen het. Dit is 'n tyd van hoop, vrede, vreugde en liefde. Dit is ook, veral in 'n jaar soos hierdie, 'n uitnodiging tot 'n nuwe begin wat God aan ons elkeen wil skenk.

Bergsig-gemeente staan voor groot veranderinge. Met hierdie skrywe wil ons graag iets hieroor deel, asook wat ons as gemeente rondom hierdie veranderinge beplan.

Soos baie lidmate reeds weet het Ds. Anton Louw in September na meer as 30 jaar diens afgetree. Aan die einde van Januarie 2021 tree Ds. Hannes Pretorius af, ook na meer as 30 jaar diens. Tesame met Ds. Charl du Plessis (meer as 35 jaar diens) se aftrede in September 2019 kom 'n massiewe hoofstuk van ons gemeente tot 'n einde. Hierdie leraars het oor dekades van hulleself gegee, getrou aan die Here hulle werk gedoen en gehelp vorm aan die identiteit van Bergsig-gemeente. Ons is die Here ewig dankbaar vir hulle rol en die groot en blywende impak wat hulle gemaak het. Daar is egter ook nou 'n leemte om te vul. Dit was die onderwerp van baie gebed en beplanning oor die laaste jaar. In die lig van Covid-19 moes ons as leierskap aanhou aanpas en wysheid van die Here vra. Hier is 'n paar gedagtes vanuit die Kerkraad se besluite oor die laaste 6 maande.

1. Ds. Rudolph Grobler sal vanaf 1 Januarie 2021 weer as voltydse leraar in die gemeente optree. Tussen 1 Januarie 2018 en 31 Desember 2020 het Ds. Rudolph 'n tentmakerpos beklee. In die lig van die gemeente se situasie is die tyd weer reg vir hom om voltyds in Bergsig te bedien.

2. Douglas Stanley, ons huidige jeugwerker, sal vanaf 1 Maart 2021 as leraar in die gemeente aangestel word. Douglas is tans besig met addisionele studies wat hom in staat stel om as leraar bevestig te word. Ons sien baie uit om hom in hierdie rol as deel van die span in te trek.

3. Ds. Anton Louw sal vanaf 1 Desember as Emeritus-leraar (afgetrede predikant wat nog in 'n gemeente werk) vir 'n tydperk van 6 maande in die gemeente aangestel word. Ons besef dat die bediening van ons senior lidmate 'n baie groot prioriteit is en ons voel dit is nodig om iemand in die span te hê wat uitsluitlik hierop fokus. Ds. Anton sal verantwoordelik wees vir die lidmate wat ouer as 70 jaar is. Na die 6 maande termyn sal die pos weer deur 'n aansoekproses gevul word.

4. As die Here dit so toelaat, beplan ons om 1 Mei 2021 'n nuwe leraar aan te stel. Hierdie persoon sal gefokus wees op ons Getuienis- en Barmhartigheidsbedieninge.

5. Ons besef meer as ooit dat ons al die gelowiges se gawes nodig het. Ons as leierskap voel baie sterk dat ons meer moet doen om gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk. Geen gemeente kan suksesvol wees sonder dat ons elkeen die roeping uitleef wat die Here ons gegee het nie. Ons nooi u uit om in die maande wat kom opnuut te gaan bid oor die plek waar die Here wil hê u moet dien. In die lig hiervan gaan ons in 2021 'n Bedieningskool begin, juis om elkeen toe te rus om met hulle gawes in die gemeente en die gemeenskap te dien. Meer inligting hieroor sal volg.

Ten slotte, bid asb. vir Bergsig gemeente. 2020 is 'n jaar vol onsekerhede, maar ons kan steeds met sekerheid weet dat God by ons is en dat Hy ons lei. As ons saam bid en saam werk vir Sy koninkryk is enigiets moontlik. Ons moedig al ons lidmate aan om deel te word van ons kommunikasiegroepe en ons daaglikse bemoediging-boodskappe. Die skakels om deel te word van hierdie Whatsapp-groepe is op ons webblad beskikbaar by <https://george-bergsig.co.za/>.

Mag die Feestyd vir u en u gesin baie spesiaal wees te midde van al hierdie uitdagings. Jesus is ons hoop, ons vrede, ons vreugde. Mag julle Sy liefde ervaar.

Kontak enige tyd een van die leraars vir verdere inligting.

NG Kerk George-Bergsig leierspan